NG GEMEENTE WONDERPARK

VOTUM

"Ons almal weerspieël

die heerlikheid van die Here,

want die sluier is van

ons gesig af weggeneem.

Ons word al meer verander

om aan die beeld van

Christus gelyk te word.

Die heerlikheid wat van ons uitstraal,

neem steeds toe".

Teks Titus 3:6

Tema. Vrygespreekte sondaars: 'n nuwe Metgesel!

'n Nuwe Metgesel.

Mense op Kreta was hardkoppig, onverstandig, verslaafdes, sleg en haatlik. Tog wou hulle nie so bly nie en soos Dawid bid hulle vir 'n ander lewe,

- **Was m**y skoon van my skuld, reinig my van my sonde! Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees. Was my dat ek witter as sneeu kan wees.
- **Skep** vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.
- Moet my tog nie van U af **wegdryf** en u Heilige Gees van my af wegneem nie"! (Psalm 51)

In Titus 3:5,6 sien ons die pad wat God loop om stukkende mense te herstel:

- Hy verlos hulle deur hulle *vry te spreek* van hulle sonde;
- Hy *reining* hulle deur die bad van die wedergeboorte
- Die Heilige Gees gee vir hulle 'n *nuwe lewe*;
- God skenk aan skoon en nuwe mense die *HG*;

Die Heilige Gees tree persoonlik op en is die derde lid van drie-eenheid. Ons kyk na die volgende aspekte van die werk van die HG in gelowiges:

1. **Die Heilige Gees kom woon in 'n skoon huis. (1 Kor. 6:19)**

- Of besef julle nie dat julle liggaam 'n *tempel* van die Heilige Gees is nie?
- Julle het die Heilige Gees, wat *in julle woon*, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie:

2. **Die Heilige Gees is God se trouring aan ons vinger. (Efesiërs 1:13)**

- In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die *eiendom van God beseël.*

3. **Die Heilige Gees is God se waarborg dat ons alles sal ontvang wat Hy belowe. (Efesiërs 1:14)**

- Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.

4. **Die Heilige Gees is die sagte stem in ons innerlike. (Romeine 9:1,2)**

- In my verbondenheid met Christus praat ek die waar-heid, ek lieg nie; en *my gewete*, wat deur die Heilige Gees gelei word, getuig saam met my...
  - Dis 'n stem wat nie *aanklae* nie;

- Dis ‘n stem wat nie *beskuldi*g nie;
- Dis ‘n stem wat ons nie in *vrees* laat lewe nie;
- Dis ‘n stem wat jou nie *skaam* laat voel nie;
- Dis ‘n stem wat *oortuig*;
- ‘n stem wat *sensitief* optree;
- Dis ‘n stem wat *motiveer*, *inspireer* en *bemagtig*;

- Ons lees in 2 Timoteus 1:7,8

> “[7]Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig (vrees) nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie”.

Samevattend.

Die misterieuse werk van die Heilige Gees. Ons lees in 2 Korinthiërs 3:17,18:

> “Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is. “Die Here” beteken hier “die Gees”, en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

AMEN!

SEëNGROET

Dit doen die Here wat die Gees is.

“Die Here” beteken hier “die Gees”,

en waar die Gees van die Here is,

is daar vryheid.